# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA
# OFFICIAL GAZETTE
## OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | WINDHOEK | PUBLISHED BY AUTHORITY

30c | Donderdag 15 Julie 1982 | Thursday 15 July 1982 | No. 4655

INHOUD:

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:


No. AG. 107 Distrik Grootfontein: Verlegging van gedeelte van grootpad 74 — 2

No. AG. 108 Distrik Windhoek: Sluiting van gedeelte van Plaaspad 1457 — 3

No. AG. 109 Distrik Gobabis: Bekendmaking van 'n aansoek dat 'n gedeelte van Plaaspad 1777 gesluit moet word — 3

No. AG. 110 Wysiging van regulasies uitgevaardig kragtens die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937) — 6

No. AG. 111 Wysiging van regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Besoldiging van Regters, 1981 — 6

No. AG. 112 Distrik Windhoek: Bekendmaking van 'n aansoek dat 'n gedeelte van Plaaspad 1441 gesluit moet word — 7

No. R.1165 Deviesebeheerregulasies — Aanstelling van gemagtigde handelaar — 8


ALGEMENE KENNISGEWING


No. 13 Munisipaliteit Windhoek: Slaan van vier boorgate — 8

ADVERTENSIES — 9


CONTENTS:

*Page*

GOVERNEMENT NOTICES


No. AG. 107 District of Grootfontein: Deviation of portion of Main Road 74 — 2

No. AG. 108 District of Windhoek: Closing of portion of Farm Road 1457 — 3

No. AG. 109 District of Gobabis: Notification of an application that a portion of Farm Road 1777 be closed — 3

No. AG. 110 Amendment of regulations made under the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937) — 6

No. AG. 111 Amendment of regulations made under the Judges' Remuneration Act, 1981 — 6

No. AG. 112 Notification of an application that a portion of Farm Road 1441 be closed: District of Windhoek — 7

No. R.1165 Exchange Control Regulations — Appointment of authorised dealer — 8


GENERAL NOTICE


No. 13 Municipality of Windhoek: Sinking of four boreholes — 8

ADVERTISEMENTS — 9


## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 107 1982

VERLEGGING VAN GEDEELTE VAN GROOTPAD 74: DISTRIK GROOTFONTEIN

Ingevolge die bepalings van artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Ministersraad kragtens artikel 22(1) van genoemde Ordonnansie in die distrik Grootfontein die gedeelte van grootpad 74 wat in paragraaf (a) van die Bylae beskryf en op sketskaart P1102 aangetoon word, verlê het van die roete beskryf in genoemde paragraaf (a) na die roete beskryf in paragraaf (b) van die Bylae en aangetoon op sketskaart P1102.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

(a) Van 'n punt (A op sketskaart P1102) op grootpad 74 op die plaas Elandslaagte 917 algemeen weswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1102) op hoofpad 8, seksie 2, op genoemde plaas.

(b) Van 'n punt (A op sketskaart P1102) op grootpad 74 op die plaas Elandslaagte 917 algemeen noordweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1102) op hoofpad 8, seksie 2, op genoemde plaas.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 107 1982

DEVIATION OF PORTION OF MAIN ROAD 74: DISTRICT OF GROOTFONTEIN

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Council of Ministers has under section 22(1) of the said Ordinance in the district of Grootfontein deviated the portion of main road 74 described in paragraph (a) of the Schedule and shown on sketch-map P1102 from the route described in the said paragraph (a) to the route described in paragraph (b) of the Schedule and shown on sketch-map P1102.

The said sketch-map shall lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

(a) From a point (A on sketch-map P1102) on main road 74 on the farm Elandslaagte 917 generally westwards across the said farm to a point (C on sketch-map P1102) on trunk road 8, section 2, on the said farm.

(b) From a point (A on sketch-map P1102) on main road 74 on the farm Elandslaagte 917 generally north-westwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1102) on trunk road 8, section 2, on the said farm.

---

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 108 1982

SLUITING VAN GEDEELTE VAN PLAASPAD 1457: DISTRIK WINDHOEK

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Ministersraad kragtens artikel 22(1) van genoemde Ordonnansie in die distrik Windhoek die gedeelte van plaaspad 1457 wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1052 aangetoon word, gesluit het.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 108 1982

CLOSING OF PORTION OF FARM ROAD 1457: DISTRICT OF WINDHOEK

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Council of Ministers has under section 22(1) of the said Ordinance, in the district of Windhoek closed that portion of farm road 1457 which is described in the Schedule and indicated on sketch-map P1052.

The said sketch-map shall lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1052) op hoofpad 15, seksie 1 op die plaas Tsatsachas 87 algemeen noordnoordooswaarts oor genoemde plaas en die plaas Restant van Stolzenfeld 89 tot op 'n punt (B op sketskaart P1052) op die gemeenskaplike grens van die plase Restant van Stolzenfeld 89 en Stolzenfeld 283; van daar algemeen noordnoordooswaarts oor die plaas Stolzenfeld 283 tot op 'n punt (B1 op sketskaart P1052) op die gemeenskaplike grens van die plase Stolzenfeld 283 en Otjimukona 120.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1052) on trunk road 15, section 1 on the farm Tsatsachas 87, generally north-north-eastwards across the said farm and the farm Remainder of Stolzenfeld 89 to a point (B on sketch-map P1052) on the common boundary of the farms Remainder of Stolzenfeld 89 and Stolzenfeld 283; thence generally north-north-eastwards across the farm Stolzenfeld 283 to a point (B1 on sketch-map P1052) on the common boundary of the farms Stolzenfeld 283 and Otjimukona 120.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 109 1982

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1777 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK GOBABIS

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Gobabis gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 1777 wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1094 aangetoon word, gesluit moet word.

Genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1094) op grootpad 39 op die plaas Restant van Buyskes 13 algemeen suidweswaarts en al meer weswaarts oor genoemde plaas en die plaas Gedeelte 1 (Concordia) van Buyskes 13 tot op 'n punt (B op sketskaart P1094) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeelte 1 (Concordia) van Buyskes 13 en Restant van Chamanoudon 549

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 109 1982

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 1777 BE CLOSED: DISTRICT OF GOBABIS

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application was made to the Chairman of the Roads Board of Gobabis that that portion of farm road 1777 described in the Schedule and shown on sketch-map P1094, be closed.

The said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based, clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1094) on main road 39 on the farm Remainder of Buyskes 13 generally south-westwards and more and more westwards across the said farm and the farm Portion 1 (Concordia) of Buyskes 13 to a point (B on sketch-map P1094) on the common boundary of the farms Portion 1 (Concordia) of Buyskes 13 and Remainder of Chamanoudon 549.

DEPARTMENT VAN JUSTISIE

No. AG. 110 1982

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE REGISTRASIE VAN AKTES WET, 1937 (WET 47 VAN 1937)

Die registrasieregulasieraad het kragtens artikel 10 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), die regulasies wat in die Bylae vervat en deur die Administrateur-generaal goedgekeur is, uitgevaardig.

BYLAE

*Wysiging van Tarief van Gelde en Koste voorgeskryf by regulasie 85 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 225 van 1964, soos vervang by Goewermentskennisgewing R.2578 van 1978.*

**1.** Die Tarief van Gelde en Koste voorgeskryf by regulasie 85 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 225 van 1964 (hieronder die regulasies genoem), word hierby gewysig -

(a) deur die bedrae "R2", "R3", "R5", "R6", "R10", "R12", "R15", "R20", "R25", "R30", "R35", "R40", "R50", "R60" en "R80", oral waar dit voorkom, deur, onderskeidelik, die bedrae "R3", "R4", "R7", "R8", "R14", "R16", "R20", "R27", "R34", "R40", "R47", "R54", "R67", "R80" en "R107" te vervang;

(b) deur in Afdeling II die bedrag "R65" deur die bedrag "R87" te vervang;

(c) deur in Afdeling III die bedrag "R125" deur die bedrag "R167" te vervang;

(d) deur in item 2 van Afdeling IV die bedrag "R75" deur die bedrag "R100" te vervang;

(e) deur in item 3 van genoemde Afdeling IV die bedrag "R90" deur die bedrag "R120" te vervang;

(f) deur in paragraaf (b) van item 6 van Afdeling X die bedrag "R4" deur die bedrag "R6" te vervang;

(g) deur in paragraaf (b) van subitem (1) van item 5 van Afdeling XI die bedrag "R45" deur die bedrag "R60" te vervang;

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. AG. 110 1982

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE DEEDS REGISTRIES ACT, 1937 (ACT 47 OF 1937)

The deeds registries regulations board has, under section 10 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), made the regulations set out in the Schedule and approved by the Administrator-General.

SCHEDULE

*Amendment of the Tariff of Fees and Charges prescribed by regulation 85 of the regulations published by Government Notice 225 of 1964, as substituted by Government Notice R.2578 of 1978*

**1.** The Tariff of Fees and Charges prescribed by regulation 85 of the regulations published by Government Notice 225 of 1964 (hereinafter referred to as the regulations), is hereby amended -

(a) by the substitution for the amounts "R2", "R3", "R5", "R6", "R10", "R12", "R15", "R20", "R25", "R30", "R35", "R40", "R50", "R60" and "R80", wherever they occur, of the amounts "R3", "R4", "R7", "R8", "R14", "R16", "R20", "R27", "R34", "R40", "R47", "R54", "R67", "R80" and "R107", respectively;

(b) by the substitution in Section II for the amount "R65" of the amount "R87";

(c) by the substitution in Section III for the amount "R125" of the amount "R167";

(d) by the substitution in item 2 of Section IV for the amount "R75" of the amount "R100";

(e) by the substitution in item 3 of the said section IV for the amount "R90" of the amount "R120";

(f) by the substitution in paragraph (b) of item 6 of Section X for the amount "R4" of the amount "R6";

(g) by the substitution in paragraph (b) of subitem (1) of item 5 of Section XI for the amount "R45" of the amount "R60";

(h) deur items 7 en 8 van genoemde Afdeling XI deur die volgende items te vervang:

" 7. Vir die opstel van 'n aansoek om 'n gesertifiseerde afskrif van 'n akte, geregistreerde huurkontrak of enige verbandakte of notariële verband vir 'n doel in regulasie 68 bedoel, met inbegrip van opdragte, aansoek aan registrateur, liassering van al die nodige dokumente vir registrasie, korrespondensie en alle tersaaklike opwagtings: R40.

8. Vir opwagtings vir die verkryging van 'n gesertifiseerde afskrif van enige akte of dokument van die registrasiekantoor vir enige ander doel as 'n doel in regulasie 68 bedoel, met inbegrip van opdragte, liassering van die nodige dokumente, korrespondensie en alle ander tersaaklike opwagtings: R14, plus bykomende gelde van R3 vir elke akte na die eerste waarvoor in dieselfde aansoek aansoek gedoen kan word."

(i) deur in paragraaf (c) van item II van genoemde Afdeling XI die bedrag "R9" en die bedrag "20 sent" deur, onderskeidelik, die bedrag "R12" en die bedrag "27 sent" te vervang; en

(j) deur Kolomme B, C en D van Bylae I deur, onderskeidelik, die volgende Kolomme B, C en D te vervang:

| "Kolom B Gelde vir die oordrag van onroerende eiendom | Kolom C Gelde vir verbande | Kolom D Gelde vir notariële verbande |
|---|---|---|
| R | R | R |
| 100 | 70 | 95 |
| 115 | 90 | 115 |
| 155 | 100 | 130 |
| 180 | 120 | 150 |
| 220 | 135 | 160 |
| 235 | 150 | 175 |
| 250 | 170 | 195 |
| 270 | 180 | 210 |
| 280 | 200 | 230 |
| 300 | 215 | 240 |
| 315 | 235 | 260 |
| 335 | 255 | 280 |
| 370 | 280 | 310 |
| 400 | 300 | 330 |
| 430 | 330 | 355 |
| 470 | 350 | 375 |
| 500 | 375 | 400 |
| 535 | 400 | 430 |
| 560 | 420 | 450 |
| 600 | 455 | 480 |
| 630 | 475 | 500 |

(h) by the substitution for items 7 and 8 of the said Section XI of the following items:

" 7. For drawing of an application for a certified copy of a deed, registered lease or any mortgage or notarial bond for a purpose referred to in regulation 68, including instructions, application to registrar, filing all necessary documents for registration, correspondence and all relevant attendances: R40.

8. For attendances in order to obtain a certified copy of any deed or document from deeds registry for any purpose other than a purpose referred to in regulation 68, including instructions, filing of the necessary documents, correspondence and all other relevant attendances: R14, plus additional fees of R3 for every deed after the first for which may be applied for in the same application.".

(i) by the substitution in paragraph (c) of item II of the said Section XI for the amount "R9" and the amount "20 cents" of the amount "R12" and the amount "27 cents", respectively; and

(j) by the substitution for Columns B, C and D of Schedule I of the following Columns B, C and D, respectively:

| "Column B Fees for conveyance of immovable property | Column C Fees for mortgage bonds | Column D Fees for notarial bonds |
|---|---|---|
| R | R | R |
| 100 | 70 | 95 |
| 115 | 90 | 115 |
| 155 | 100 | 130 |
| 180 | 120 | 150 |
| 220 | 135 | 160 |
| 235 | 150 | 175 |
| 250 | 170 | 195 |
| 270 | 180 | 210 |
| 280 | 200 | 230 |
| 300 | 215 | 240 |
| 315 | 235 | 260 |
| 335 | 255 | 280 |
| 370 | 280 | 310 |
| 400 | 300 | 330 |
| 430 | 330 | 355 |
| 470 | 350 | 375 |
| 500 | 375 | 400 |
| 535 | 400 | 430 |
| 560 | 420 | 450 |
| 600 | 455 | 480 |
| 630 | 475 | 500 |

| | | |
|---|---|---|
| 665 | 500 | 530 |
| 700 | 530 | 555 |
| 780 | 580 | 610 |
| 865 | 620 | 650 |
| 865 vir die eerste R200 000, plus R170 per R100 000 of gedeelte daarvan daarbo | 620 vir die eerste R200 000, plus R170 per R100 000 of gedeelte daarvan daarbo | 650 vir die eerste R200 000, plus R170 per R100 000 of gedeelte daarvan daarbo.". |

*Toepassing van hierdie regulasies*

**2.** Hierdie regulasies is slegs van toepassing met betrekking tot 'n handeling -

(a) ten opsigte waarvan die gelde en koste in regulasie 85 van die regulasies bedoel, betaalbaar is; en

(b) wat deur 'n prokureur, notaris of transportbesorger, soos in artikel 1 van die Wet op Prokureurs, 1979 (Wet 53 van 1979), omskryf, verrig is in verband met 'n transaksie ten opsigte waarvan hy op of na die datum van die inwerkingtreding van hierdie regulasies 'n opdrag ontvang het.

*Inwerkingtreding*

**3.** Hierdie regulasies tree in werking op 1 September 1982.

| | | |
|---|---|---|
| 665 | 500 | 530 |
| 700 | 530 | 555 |
| 780 | 580 | 610 |
| 865 | 620 | 650 |
| 865 for the first R200 000, plus R170 per R100 000 or part thereof thereafter | 620 for the first R200 000, plus R170 per R100 000 or part thereof thereafter | 650 for the first R200 000, plus R170 per R100 000 or part thereof thereafter.". |

*Application of these regulations*

**2.** These regulations shall apply only in relation to any act -

(a) in respect of which the fees referred to in regulation 85 of the regulations shall be payable; and

(b) which is performed by an attorney, a notary or a conveyancer, as defined in section 1 of the Attorneys Act, 1979 (Act 53 of 1979), in connection with any transaction in respect of which he received an instruction on or after the date of commencement of these regulations.

*Commencement*

**3.** These regulations shall come into operation on 1 September 1982.

---

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. AG. 111 1982

### WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE WET OP BESOLDIGING VAN REGTERS, 1981

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 2 van die Wet op Besoldiging van Regters, 1981 (Wet 16 van 1981), die regulasie uitgevaardig wat in die Bylae uiteengesit word.

BYLAE

*Wysiging van regulasie 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 160 van 29 Desember 1981*

Regulasie 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing AG. 160 van 1981 word hierby gewysig deur in subregulasie (4) die bedrag "R45,00" deur die bedrag "R54,00" te vervang.

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. AG. 111 1982

### AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE JUDGES' REMUNERATION ACT, 1981

The Administrator-General has under section 2 of the Judges' Remuneration Act, 1981 (Act 16 of 1981), made the regulation set out in the Schedule.

SCHEDULE

*Amendment of regulation 3 of the regulations published under Government Notice AG. 160 of 29 December 1981*

Regulation 3 of the regulations published under Government Notice AG. 160 of 1981 is hereby amended by the substitution in subregulation (4) for the amount "R45,00" of the amount "R54,00".

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 112 1982

BEKENDMAKING VAN 'N AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1441 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK WINDHOEK

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Windhoek gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 1441 in die Bylae hieronder beskryf en aangetoon op sketskaart P1160, gesluit moet word.

Genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie hiervan by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1160) op grootpad 53 op die plaas Deutsch-Krone 136 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1160) op die westelike oewer van die Wit Nossobrivier op genoemde plaas.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 112 1982

NOTIFICATION OF AN APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 1441 BE CLOSED: DISTRICT OF WINDHOEK

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application was made to the Chairman of the Roads Board of Windhoek that that portion of farm road 1441 described in the Schedule and shown on sketch-map P1160, be closed.

The said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek, during normal office hours.

Every person having any objection to the abovementioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication hereof.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1160) on main road 53 on the farm Deutsch-Krone 136 generally eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1160) on the western bank of the White Nossob River on the said farm.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1165 18 Junie 1982

DEVIESEBEHEERREGULASIES — AANSTELLING VAN GEMAGTIGDE HANDELAAR

Paragraaf 3 (a) van Goewermentskennisgewing R. 1112 van 1 Desember 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1212 van 15 Desember 1961, R. 512 van 30 Maart 1962, R.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 1165 18 June 1982

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS — APPOINTMENT OF AUTHORISED DEALER

Paragraph 3 (a) of Government Notice R. 1112 of 1 December 1961 as amended under Government Notices R. 1212 of 15 December 1961, R. 512 of 30 March 1962, R. 691 of 10 May 1963, R.

691 van 10 Mei 1963, R. 1223 van 9 Augustus 1963, R. 1922 van 13 Desember 1963, R. 940 van 25 Junie 1964, R. 1181 van 13 Augustus 1965, R. 1778 van 12 November 1965, R. 1961 van 10 Desember 1965, R. 85 van 20 Januarie 1967, R. 230 van 24 Februarie 1967, R. 801 van 16 Mei 1969, R. 1012 van 20 Junie 1969, R. 3114 van 15 Augustus 1969, R. 1011 van 18 Junie 1971, R. 1976 van 29 Oktober 1971, R. 2314 van 24 Desember 1971, R. 423 van 24 Maart 1972, R. 1339 van 4 Augustus 1972, R. 1767 van 6 Oktober 1972, R. 166 van 9 Februarie 1973, R. 299 van 2 Maart 1973, R. 2231 van 30 November 1973, R. 1601 van 13 September 1974, R. 83 van 10 Januarie 1975, R. 787 van 14 Mei 1976, R. 2029 van 29 Oktober 1976, R. 12 van 7 Januarie 1977, R. 937 van 5 Mei 1978, R. 1867 van 15 September 1978, R. 1492 van 6 Julie 1979, R. 2286 van 12 Oktober 1979, R. 2404 van 26 Oktober 1979, R. 32 van 4 Januarie 1980, R. 2332 van 30 Oktober 1981, R. 2410 van 6 November 1981 en R. 1060 van 4 Junie 1982 word hierby verder as volg gewysig:

Deur die toevoeging met ingang van 18 Junie 1982 van Die Bank van Suidwes-Afrika/Namibië Beperk by die lys van gemagtigde handelaars vir die doeleindes van die Deviesebeheerregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1111 van 1 Desember 1961.

1223 of 9 August 1963, R. 1922 of 13 December 1963, R. 940 of 26 June 1964, R. 1181 of 13 August 1965, R. 1778 of 12 November 1965, R. 1961 of 10 December 1965, R. 85 of 20 January 1967, R. 230 of 24 February 1967,R. 801 of 16 May 1969, R. 1012 of 20 June 1969, R. 3114 of 15 August 1969, R. 1011 of 18 June 1971, R. 1976 of 29 October 1971, R. 2314 of 24 December 1971, R. 423 of 24 March 1972, R. 1339 of 4 August 1972, R. 1767 of 6 October 1972, R. 166 of 9 February 1973, R. 299 of 2 March 1973, R. 2231 of 30 November 1973, R. 1601 of 13 September 1974, R. 83 of 10 January 1975, R. 787 of 14 May 1976, R. 2029 of 29 October 1976, R. 12 of 7 January 1977, R. 937 of 5 May 1978, R. 1867 of 15 September 1978, R. 1492 of 6 July 1979, R. 2286 of 12 October 1979, R. 2404 of 26 October 1979, R. 32 of 4 January 1980, R. 2332 of 30 October 1981, R. 2410 of 6 November 1981 and R. 1060 of 4 June 1982 is hereby further amended as follows:

By the addition with effect from 18 June 1982 of The Bank of South West Africa/Namibia Limited to the list of authorised dealers for the purpose of the Exchange Control Regulations published under Government Notice R. 1111 of 1 December 1961.

## Algemene Kennisgewing

No. 13

MUNISIPALITEIT WINDHOEK

Hiermee word kennis gegee dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om by die Waterraad Windhoek aansoek te doen vir 'n permit om 4 (vier) boorgate te slaan in 'n gebied wes en noordoos van toetsboorgat 9840 (in die omgewing wes van "Kleine Kuppe") op die Munisipale Meent vir stedelike watervoorsiening.

'n Plan wat die posisie van die voorgestelde boorgate aandui lê ter insae by die Afdeling Geohidrologie van die Departement van Waterwese.

Enige besware teen hierdie voorneme moet skriftelik binne 14 (veertien) dae van verskyning van hierdie kennisgewing by die Sekretaris, Waterraad, Privaatsak 13193, Windhoek, 9000 ingedien word.

STADSKLERK

Kennisgewing nr. 84/82 - 82-07-15

## General Notice

No. 13

MUNICIPALITY OF WINDHOEK

Notice is hereby given that the Municipality of Windhoek intends applying to the Water Board Windhoek for a permit to drill 4 (four) boreholes in the area west and north-east of test borehole 9840 (in the vicinity west of "Kleine Kuppe") on the Municipal Commonage for urban water supply.

A plan indicating the position of the proposed boreholes is lying for inspection at the section Geohydrology of the Department of Water Affairs.

Any objections thereto must be lodged in writing within 14 (Fourteen) days of date of this publication with the Secretary, Water Board, Private Bag, 13193, Windhoek, 9000.

TOWN CLERK

Notice No. 84/82 - 82-07-15

# Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die Buitengewone *Offisiële Koerant* wat advertensies bevat verskyn op elke Vrydag van elke maand; indien 'n Vrydag op 'n Openbare Feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die voorafgaande Donderdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13200, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 12 Sam Cohengebou Windhoek afgelewer word, nie later nie as 3 nm op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

4. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderworpe aan die goedkeuring van die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

5. Die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

6. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

7. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

8. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ookal, van 'n kennisgewing teen die Administrateur-generaal ingestel word.

9. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R12,50 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Swapers Beperk, Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruitbetaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Swapers Beperk, Posbus 56, Windhoek, teen 30c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

10. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

# Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* Extraordinary containing advertisements is published on every Friday of each month; if those days fall on a Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the preceding Thursday.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13200, Windhoek, or be delivered to Room 12 Sam Cohen Building Windhoek, in die languages in which they are to be published, not later than 3 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

4. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for Civic Affairs and Manpower, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

5. The Secretary for Civic Affairs and Manpower reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

6. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

7. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

8. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administrator-General as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

9. The subscription for the *Official Gazette* is R12,50 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. Swapers Limited, P.O. Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Swapers Limited, P.O. Box 56, Windhoek, at the price of 30c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

10. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

## LYS VAN VASTE TARIEWE

| Gestandaardiseerde kennisgewings | *Tarief per plasing* R |
|---|---|
| Oordrag van besigheid | R3,25 |
| Aktes: Verlore dokumente | 6,00 |
| Besigheidskennisgewings | 5,00 |
| Boedelwettekennisgewings: Vorms J. 297.J.295.J.193 en J. 197 | 2,00 |
| Derdeparty assuransie eise om skadevergoeding | 2,50 |
| Insolvensiewet en maatskappywettekennisgewings: J. 28, J. 29, Vorms 1 tot 9 | 4,00 |

L.W. — Vorms 2 en 6 — bykomstige verklarings volgens woordetaltabel, toegevoeg tot die basiese tarief.

| | |
|---|---|
| Naamsverandering (vier plasings) | 25,00 |
| Naturalisasiekennisgewings (insluitende 'n herdruk vir die adverteerder) | 2,00 |
| Onopgeëiste geld — slegs in die buitengewone *Offisiële Koerant,* sluitingsdatum 15 Januarie (per inskrywing van "naam, adres en bedrag") | 0,80 |
| Slagterskennisgewings | 5,00 |
| Slumopruimingshofkennisgewings, per perseel | 4,00 |
| Verlore lewensversekeringspolisse | 2,00 |

Nie gestandaardiseerde kennisgewings

Maatskappykennisgewings:

| | |
|---|---|
| Kort kennisgewings: Vergaderings, besluite, aanbod van skikking, omskepping van maatskappy, vrywillige likwidasies, ens.: sluiting van oordrag van lederegisters en/of verklarings aan dividende | 11,00 |
| Dranklisensie kennisgewings (in buitengewone *Offisiële Koerante,* t.w. Junie/Tvl. November/Kaap, Januarie/OVS., April/Natal) per tweetalige aansoek | 7,00 |
| Verklaring van dividende met profytstate, notas ingesluit | 25,00 |
| Lang kennisgewings: Oordragte, veranderings met betrekking tot aandele of kapitaal, aflossings, besluite, vrywillige likwidasies | 37,00 |
| Handelsmerke in Suidwes-Afrika | 11,00 |
| Likwidateurs en ander aangesteldes se kennisgewings | 7,00 |

Geregtelike en ander openbare verkope:

| | |
|---|---|
| Geregtelike verkope | 18,00 |
| Openbare veilings, verkope en tenders: | |
| Tot 75 woorde | 6,00 |
| 76 tot 250 woorde | 15,00 |
| 251 tot 350 woorde | 23,00 |

Orders van die Hof:

| | |
|---|---|
| Voorlopige en finale likwidasies of sekwestrasies | 14,00 |
| Vertalings of veranderings in kapitaal, samesmeltings, aanbod van skikking | 37,00 |
| Geregtelike besture, *kurator bonis* en soortgelyke en uitgebreide bevel nisi | 37,00 |
| Verlenging van keerdatum | 4,00 |
| Tersydestellings en afwysings van petisies (j. 158) | 4,00 |

## LIST OF FIXED TARIFF RATES

| Sandardised notices | *Rate per insertion* R |
|---|---|
| Transfer of business | R3,25 |
| Deeds: Lost documents | 6,00 |
| Business notices | 5,00 |
| Administration of Estates Acts notices: Forms J. 197 J. 295, J. 193 and J. 187 | 2,00 |
| Third party insurance claims for ompensation | 2,50 |
| Insolvency Act and Company Acts notices: J. 28, J. 29. Forms 1 to 9 | 4,00 |

N.B. — Forms 2 and 6 — additional statements according to word count table, added to the basic tariff.

| | |
|---|---|
| Change of name (four insertions) | 25,00 |
| Naturalisation notices (including a reprint for the advertiser) | 2,00 |
| Unclaimed moneys — only in the extraordinary *Official Gazette,* closing date 15 January (per entry of "name, address and amount") | 0,80 |
| Butchers' notices | 5,00 |
| Slum Clearance Court notices, per premises | 4,00 |
| Lost life insurance policies | 2,00 |

Non standardised notices

Company notices:

| | |
|---|---|
| Short notices: Meetings, resolutions, offer of compromise, conversion of company, voluntary windings-up; closing of transfer or members' registers and/or declaration of dividends | 11,00 |
| Liquor Licence notices (in extraordinary *Gazettes,* viz. June/Tvl. November/Cape, January/O.F.S., April/Natal), per bilingual application | 7,00 |
| Declaration of dividend with profit statements, in cluding notes | 25,00 |
| Long notices: Transfers, changes in respect of shares or capital, redemptions, resolutions, voluntary liquidations | 37,00 |
| Trade marks in South West Africa | 11,00 |
| Liquidator's and other appointees' notices | 7,00 |

Sales in execution and other public sales:

| | |
|---|---|
| Sales in execution | 18,00 |
| Public auctions, sales and tenders: | |
| Up to 75 words | 6,00 |
| 76 to 250 words | 15,00 |
| 251 to 350 words | 23,00 |

Orders of the Court:

| | |
|---|---|
| Provisional and final liquidations or sequestrations | 14,00 |
| Reductions or changes in capital mergers, offer of compromise | 37,00 |
| Judicial managements, *curator bonis* and similar and extensive rules nisi | 37,00 |
| Extension of return date | 4,00 |
| Supersessions and discharge of petitions (J. 158) | 4,00 |

11. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 10 genoem word, is teen die tarief van 56c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

12. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruitbetaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris, Burgersake en Mannekrag betaalbaar gemaak word.

11. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 10 is at the rate of 56c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

12. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary, Civil Affairs and Manpowers.

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN HANDELSLISENSIE

GELIEWE KENNIS te neem dat na 14 (veertien) dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof te OTJINENE vir die distrik van HEREROLAND-OOS vir die oordrag van die Smouslisensie tans gehou deur J.P. KARUAIHE wie handel dryf as J.P. KARUAIHE te Aroams-Oos, AMUNUIS te HEREROLAND aan NICOLAAS PACK wie voortaan op dieselfde adres vir sy eie rekening as PACK SMOUS handel sal dryf.

GEDATEER te WINDHOEK op hede die 28ste dag van JUNIE 1982.

R. OLIVIER & KIE
Prokureurs vir Applikant
Posbus 2198
WINDHOEK

## JOERN J BORMANN

### NOTICE

Notice is hereby given that I Joern J Bormann intend applying to the water Board Windhoek for a permit to re-open one borehole on the erf 2615 Klein Windhoek.

A plan indicating the position of the borehole is lying for inspection at the offices of the Water Board, Kaiser Street, Windhoek.

Any objections thereto must be lodged in writing within 14 (fourteen) days of date of this publication with the Secretary, Water Board, Private Bag 13193, Windhoek 9000.

Signed
Joern J Bormann